

## Die oorsprong van Afrikaans

Afrikaans het uit 'n wye verskeidenheid van bronne ontwikkel en sy wortels lê oor drie kontinente versprei, naamlik: Europa, Asië en Afrika. In 1652 het die VOC 'n verversingspos aan die Kaap gestig vir sy skepe op hul reis na en van die Ooste.

Die mense aan die Kaap was van verskillende Europese lande afkomstig bv matrose en die amptenary uit Nederland, vakmanne en huursoldate uit die Duitssprekende gebiede, Nederland en die Skandinawiese lande en die Hugenote uit Frankryk. Aangesien die taalbeleid van die VOC baie streng was en hulle angstig was om die Hollandse karakter van die Kaap te behou, is die mense almal verplig om Hollands aan te leer. Dit het ook gegeld vir die Khoi-groepe in die omgewing en die slawe wat vanaf Afrika en die Ooste ingevoer is. Die resultaat van hierdie beleid was 'n aanleerderstaal waarvan Hollands die teikentaal was. Party navorsers verwys hierna as 'n kreoolse taal. Reisigers het reeds in 1671 aangeteken dat die Hollands wat aan die Kaap gepraat word nie meer klink soos die taal van Europa nie. Die skryftaal was egter nog dieselfde.

Teen die middel van die 18de eeu, was Afrikaans as 'n nuwe taal met 'n eie identiteit reeds aan die Kaap gevestig. Dit is Kaaps-Hollands genoem, maar het in party streke ook ander name gehad. So het die taal van die Genadendal sendingstasie by die Britse owerhede bekend gestaan as *Genadendal Dutch*. In die 19de eeu het Afrikaans in kontak gekom met Engels en die tale van die verskillende swart groepe in die binneland. Hierdie tale het ook 'n invloed op die ontwikkeling van Afrikaans gehad.

## Die vroegste Afrikaans

Een van die eerste variante van Afrikaans was die sogenaamde Kaapse Afrikaans wat deur veral die oudslawe in die Kaap gepraat is. Aangesien die meeste van hierdie mense die Islamitiese geloof aangehang het, is die taal sterk deur Arabies en die Moslemkultuur gekleur. Hierdie mense was verantwoordelik vir die eerste geskrewe Afrikaans toe hulle die Arabiese alfabet begin gebruik het om in Afrikaans te skryf.

Die eerste Afrikaanse skool in Suid-Afrika is ook deur die Moslem-gemeenskap tot stand gebring. Die skool of **madrasah** was in Dorpstraat 37 in die Bo-Kaap en die Moslemkinders het hul godsdiensoonderrig hier in Kaapse Afrikaans ontvang. Die madrasah is gestig deur Tuan Guru, 'n prins van Tidore in die Ternate-eilande (Indonesië) wat as banneling na Robbeneiland gestuur is deur die VOIK. Teen 1807 het 375 slawekinders hul onderrig in die Koran en Arabies hier voltooi. Een van hul leermetodes was om gedeeltes uit die heilige skrifte in hul **kopiesboeke** in Afrikaans in Arabiese letters

oor te skryf. Soos met gewone Arabiese skrif word die teks van regs na links gelees. Verskeie Islamitiese heilige geskrifte is aan die Kaap in Arabiese Afrikaans oorgesit en die eerste Afrikaanse vertaling van die Koran is ook in hierdie skooltjie aangepak deur Achmat van Bengale.

Achmat Davids, 'n kenner op die gebied van Arabiese Afrikaanse geskrifte, is van mening dat Afrikaans reeds sedert ongeveer 1815 in die madrasah in Dorpstraat gebruik is. Die eerste gepubliseerde Arabiese Afrikaanse manuskrip het in 1845 verskyn en was die werk van Abu Bakir. Tot ongeveer 1957 het daar meer as 60 publikasies in Arabiese Afrikaans verskyn.

### **Die amptelike erkenning van Afrikaans**

Ná die 2de Britse oorname in 1806 het Engels geleidelik die amptelike voertaal aan die Kaap geword en 'n streng verengelsingbeleid is ingestel om Nederlands en Afrikaans te probeer verdring. 'n Paarlse predikant, Ds van der Lingen, het in 1858 'n privaatskool met Nederlands as voertaal gestig om Afrikaanssprekende kinders te onderrig. Die skool was De Gimnasium en een van die onderwysers was Arnoldus Pannevis, 'n Nederlander, wat in 1866 in die Paarl aangekom het. Hy was ook 'n taalkundige en het beseft dat die sogenaamde Kaaps-Hollands wat die mense gepraat het, nie meer genoeg ooreenkomste toon met Hollands om dit as een van sy dialekte te kan beskou nie. Hy was die eerste persoon wat die taal Afrikaans genoem het.

Pannevis was 'n diep godsdienstige persoon en was baie gretig dat die Bybel in Afrikaans vertaal moes word. Hy het na die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap geskryf om dit onder hul aandag te bring en voorgestel dat 'n jong predikant, SJ Du Toit, die Bybelvertaling sou onderneem. Die Bybelgenootskap het aan Du Toit die opdrag gegee om ondersoek in te stel of daar werklik só 'n groot behoefte aan 'n Afrikaanse Bybel bestaan. Ds du Toit het 'n groep vriende en familie vir 'n vergadering byeengebring om so 'n vertaling te bespreek. Hierdie vergadering is op 14 Augustus 1875 in die huis van Gideon Malherbe, 'n neef van SJ du Toit, gehou. Tydens die vergadering is daar vasgestel dat daar wel 'n groot behoefte vir 'n Afrikaanse Bybel bestaan, maar dat Afrikaans nog nie baie geskryf is nie en dus nie die nodige erkenning as 'n skryftaal geniet het nie. Hulle sou dit eers as 'n skryftaal in eie reg erken moes kry en op alle vlakke help bevorder. Daar is toe besluit om 'n vereniging te stig wat hom hiervoor kon beywer. Dit was die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA).

Twee van die maniere waarop die GRA hul taak onderneem het, was deur die publikasie van 'n Afrikaanse koerant **Die Afrikaanse Patriot** en deur die stigting van 'n Afrikaanse skool, die **Gedenkschool der Hugenoten**.

Die eerste uitgawe van *Die Afrikaanse Patriot* het op 15 Januarie 1876 verskyn. Aanvanklik was dit 'n maandblad in 'n klein formaat, maar sy gewildheid het vinnig toegeneem en teen die 1890's was dit 'n weekblad in volgrootte koerantformaat. DF du Toit (ook bekend as Oom Lokomotief) was een van die eerste redakteurs van die koerant. *Die Patriot* was egter nie die eerste Afrikaanse koerant in Suid-Afrika nie. **De Bode** die koerant wat sedert 1859 deur die Morawiese Sendingdorp Genadendal uitgegee is, het reeds tekste en briewe in Afrikaans bevat.

### **Gedenkschool der Hugenoten**

Die Gedenkschool der Hugenoten is in 1882 op die plaas Kleinbosch in Daljosafat tot stand gebring. DF du Toit was die eerste onderwyser. Soos reeds gesien is, was hierdie skool nie die eerste skool waar daar van Afrikaans gebruik gemaak is nie; dit het egter wel 'n belangrike rol gespeel by pogings om Afrikaans as 'n amptelike skooltaal erken te kry.

Afrikaans het in 1914 as amptelike skooltaal erkenning gekry. In 1925 het dit saam met Engels een van twee amptelike landstale geword. Die eerste amptelike Afrikaanse Bybelvertaling het in 1933 verskyn. Ná 1994 het Afrikaans een van elf amptelike landstale geword. Tans is Afrikaans met meer as ses miljoen moedertaalsprekers die derde grootste taalgroep in Suid-Afrika naas Zulu en Xhosa. Daar is ook groot Afrikaanssprekende gemeenskappe elders in die wêreld bv Londen, Australië en Nieu-Seeland. Die taal is voortdurend aan die ontwikkel en verander en het reeds ook op ander tale 'n invloed begin uitoefen, soos gesien kan word aan die volgende lys van Afrikaanse leenwoorde in ander tale:

<b>Leenwoord</b>	<b>Taal</b>	<b>Afrikaans</b>
ihempe	Xhosa	hemp
ifestile	Xhosa	venster
ibhulukwe	Xhosa	broek
ipersenti	Xhosa	persentasie
iswekile	Xhosa	suiker
imuziyam	Xhosa	museum
ifestela	Zulu	venster
isitulo	Zulu	stoel

ibhuku	Zulu	boek
ipapa	Zulu	(stywe) pap
imfolomane	Zulu	voorman
vayela	Zulu	waai (totsiens)
ummese	Zulu	mes
isikele	Zulu	skêr
ibhulukwe	Zulu	broek
ihhalavu	Zulu	graaf
layisha	Zulu	laai(ww)
isikhebhe	Zulu	skip
umata	Zulu	mat
mpompa	Zulu	pomp

**Afrikaanse woorde wat dikwels in Engels gehoor word.**

Lekker	Sommer
Nogal	Mos
Veld	Trek
Dorp	Braai
Stoep	Biltong
Wors	Voetstoots
Ja	Klap
Gooi	Skop
Dop	

**Bronne:**

Davids, A	1991	<i>The Afrikaans of the Cape Muslims from 1815 to 1915</i> (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Natal).
Meiring, AGS	1974	<i>Die Afrikaanse Taalbeweging</i> , Nasou Beperk: Kaapstad.
Van Rensburg, C (red)	1997	<i>Afrikaans in Afrika</i> , JL van Schaik: Pretoria.